31 Mei 2020

Middag Ouers en Gr 12 leerders

Na aanleiding van al die onsekerhede voel ek tog dat hierdie ook op ‘n nuusbrief moet kom en dat die kort video vroeër vandag dalk te informeel was.

Die groot onsekerheid waarmee die Onderwysowerhede vir ons in die lug laat hang is onaavaarbaar, maar dit is iets wat bestuur moet word tot die beste van ons vermoeë

Ek het u attent gemaak op die voorvereistes vir die oopmaak van skole en dat ons nog wag vir die leerder maskers. Ons het die leerder maskers toe ontvang omstreeks 13:30 vanmiddag, waar ek toe ‘n besluit geneem het om nie die skool te laat begin op 1 Junie 2020.

Die minister sou aanvangklik om 16:00 ons toegespreek het en dit is toe verskuif na 18:00. In die lig hiervan asook die laat aflewering van die leerder maskers sal ek in hierdie belangrike wedloop eerder later wegspring as te vroeg …….. en dalk die hele wedloop mis.

Ek wil u verseker dat ons reg is om almal te ontvang en dat hierdie minimale vertraging nie die appelkar gaan omgooi vir ons leerders nie. Vertrou ons, ons planne is in plek. Gouties ons het hierdie.

Ons sal op Maandag presies met u kommunikeer rakende die verdere reëlings vir die komende week.

Beste wense

Paul Sauer
Skoolhoof